

Dinsdag 4 April

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-29 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:5, 11b

Strukture is nie so belangrik soos jou persoonlike verhouding met God nie

2 Samuel 7 is waarskynlik een van die belangrikste hoofstukke in die Ou Testament. Die hoofstuk beskryf hoe God 'n baie besondere belofte aan koning Dawid gegee het. God het beloof dat Hy Dawid se God sal wees, dat Hy met Dawid se nageslag sal wees, en dat een van Dawid se seuns hom as koning sal opvolg. Daardie seun sal ook 'n tempel vir die Here bou. In 'n gebed aan die einde van die hoofstuk dank Dawid God vir die besondere belofte wat hy gekry het. Hierdie belofte is uiteindelik in Jesus Christus vervul.

Die hoofstuk begin egter waar Dawid oorweeg om vir die Here 'n tempel te bou. Hy vertel dit vir die profeet Natan. Die profeet dink dat dit 'n goeie idee is, maar God het anders gedink. Hy wil nie toelaat dat Dawid vir Hom 'n tempel bou nie. 'n Mens sal nogal dink dat dit 'n goeie idee van Dawid was. Hy was nou goed gevestig as koning oor Israel. Jerusalem was nou die hoofstad van die koninkryk van Israel. God het baie genade aan die volk bewys – en Dawid wil vir die Here 'n tempel in die nuwe hoofstad bou.

God wil nie sê dat 'n tempel verkeerd is nie, maar Hy wil die tempel in die regte perspektief stel. 'n Tempel beteken niks as daar nie 'n persoonlike verhouding tussen God en die volk, tussen God en sy kind is nie. Die tempel is later ook verwoes toe die volk van die Here afvallig geword het.

Ons moet dus ook fokus op ons verhouding met God. Ons moet nie so met die kerk besig wees dat ons vergeet van die God van die kerk nie. Ons verhouding met Hom moet die belangrikste ding in ons lewe bly.

Sing: Psalm 89-2:1, 5

Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus)